

Heropbou van die muur		Heropobou van die mense	
Voorvereiding (1-2)	Muur opgebou (3-7)	Verbond hernu (8-10)	Gehoorsaam aan verbond (11-13)
Jerusalem, 444-425 vC			
I, II Kronieke, Nehemia, Esra is oorspronklike eintlik een ononderbroke boek			

Dag	Lees
Ma	Neh 1-2
Di	Neh 3-4
Wo	Neh 5-6
Do	Neh 7-8
Vry	Neh 9-10
Sat	Neh 11-12
Son	Neh 13

Hulle het toe geweeet ons doen hierdie werk met die hulp van ons God. (Neh 6:16).

Nehemia was die skinker van die Persiese koning. Net soos Josef, Daniël en Ester het God hom in 'n posisie geplaas met 'n doel. Hy voel 'n diep behoefte om die mense in Jerusalem by te staan. As man van gebed, het hy niks aangepak voor hy nie daarvoor gebid het nie (Neh 1:8). Na hierdie gebed in Neh 1:5-11 en sondebelydenis stel hy sy versoek aan die koning. Die wil van die koning staan onder die gesag van die Here (Spr 21:1). Hy vertrek toe na Jerusalem met die volmag van die koning.

Vir Nehemia gaan dit oor die eer van God om die mure te herbou (2:17). Hy organiseer die mense om die stadsmure te herbou met die standpunt dat hulle dit met God sal doen (2:20). In hoofstuk 3 lees ons verskeie kere hoe gesinne regoor hulle eie huis gebou het. Nehemia organiseer mense volgens waar hulle kan help en ook om hulle gawes te benut. Die bouery lok agterdog by van hulle vyande, maar deur gebed, volkome afhanklikheid op God, organisasie en waaksaamheid bou hulle verder. Dit is opmerklik hoeveel keer uitgelig word dat elkeen gebou het aan die gedeelte voor sy eie huis. Die muur is in 'n rekortyd van 52 dae voltooi en dit het hulle vyande laat besef dat God met Nehemia is

Die heropbou van die muur is opgevolg met die heropbou van die mense. Die geestelike hervorming is gelei deur Esra, die priester. Dit volh op sy werk soos beskryf in Esra 9-10. Dit lei tot 'n herbestiging van die verbond. Ongelukkig was hierdie herlewing van korte duur. Nehemia (wat in 432vC na Persië teruggekeer het) maak 'n tweede reis na Jerusalem in 425vC en bring 'n tweede hervorming. Hy reinig die tempel, herstel die Sabbatdag en verplig die mense om van hulle heidense vroue te skei.

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Nehemia

Vreeslik, die boodskappe uit elke oord.
Verskrikte boodskappers bring die woord:
“Die vyand in oormag kom van Noord –
vernietig is elke stad en oord!”

Laat ons wagte in die verte tuur.
O, so naby jou oordeelsuur...
Ek skuil agter die beskermingsmuur
is dit wel bestand teen die vuur?

Ek het gedink mure sal my beskerm.
Luister net na die gehuil en gekerm.
Oral is pyn en uitpeul derm –
hul het hul nie eers oor kinders ontferm!

Als verlore – net my lewe behou...
In die verte in ‘n vreemde gebou,
kom ek tot inkeer en opregte berou:
Ek het op verkeerde dinge vertrou!

U moes my tot in my wese skud,
sodat ek weer opreg kan bid.
Juis in die middel van so gebed,
het U my siel van die bouse gered.

Ek maak die koning se glase blink,
terwyl ek herbou planne bedink.
Vir hom sal ek ‘n glasier skink,
dat hy die goedkeuring beklink.

En ten midde van al die gevaar
kon ek uiteindelik wel bedaar.
En stadig, maar seker, als aanvaar,
want ek weet die fondament is klaar.

Elkeen moet sy deel nou bou
en daarmee saam op God vertrou.
In een hand my wapen gehou
en weet God bly altyd getrou.

Net Hy het ons die krag verleen
en so bou ons steen op steen.
In die hoek groot en alleen –
die hoeksteen is God se Seun.

Na die nuwe mure kyk ons trots:
Dis gebou op Hom, die rots.
Hier is ons nou werklik veilig
want hierdie stad is geheilig.

Deur vandag baie Bybel te lees
sal jy ook soos Nehemia kan wees:
Afhanklik, biddend, bouend, bedees
ja, vol van die Heilige Gees!